# DIE ROL VAN PLAASLIKE OWERHEDE IN DIE BEVORDERING VAN TOERISME: 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF EN TOEKOMSRIGLYNE VIR DIE VRYSTAAT

**Dr. AJ Strydom**[1]

Economic activities in most of the cities/towns of the Free State are largely based on slow-growing industries. Available resources for broadening these economic activities indicate limited potential in each of the various sectors of the local economies.

In global terms tourism is experienced as an industry which can have an important impact on the economic growth and development of countries and regions. The question arises whether tourism can also be utilised as a factor for improving the economic growth and development potential of the Free State in general and the various cities and towns of the province in particular?

Up to date the tourist industry in the Free State cannot be regarded as a factor that has any real impact on the economy of the province. Research indicated that the majority of cities and towns in the province possess sufficient tourist attractions and supporting facilities to serve as a basis for the promotion of the local tourist industry.

Against this background, the primary purpose of this article is to indicate which innovative steps, compared to the past, must be taken by local authorities as generators of development in cities/towns, in order to ensure a full exploitation of the tourist industry of the Free State in such a manner that the province will derive maximum economic benefit from it.

## 1. INLEIDING[2]

Toerisme word wêreldwyd as 'n omvangryke en vinnig-groeiende bedryf ervaar, wat 'n belangrike invloed op die ekonomiese groei en ontwikkeling van 'n land of streek kan hê. Internasionale toerisme is dié bedryf wat in 1992 reeds

1 Departement Toerismebestuur, Technikon Vrystaat.
2 Die artikel is gebaseer op navorsing wat in opdrag van die Toerisme-Assosiasie: Vrystaat (TAVS) onderneem is. Die toepassingswaarde daarvan is daarin geleë dat dit ook as riglyn vir soortgelyke navorsing in ander gebiede benut kan word.

die vinnigste groei in die wêreldekonomie getoon het en 5,5 persent tot die wêreld se Bruto Nasionale Produk (BNP) bygedra het. Verder verskaf toerisme ook meer as 112 miljoen direkte werkgeleenthede. Dit impliseer dat een uit elke 15 ekonomies aktiewe persone in die wêreld by die toeristebedryf betrokke is (Mpekweni Workshop 1992:6; Pine 1992:91). Volgens die Minister van Omgewingsake en Toerisme was een uit elke 25 ekonomies aktiewe persone in 1994 by die Suid-Afrikaanse toeristebedryf betrokke.[3]

Die toeristebedryf kan ook in die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n meer prominente rol speel en dit is van kardinale belang om beplanning sodanig te rig dat 'n steeds groter deel van die voordele van die toeristebedryf vir die plaaslike mark bekom word. Daar is byvoorbeeld bevind dat in 1992 meer as 300 000 mense in die Suid-Afrikaanse toeristebedryf werksaam was en dat elke agt tot elf toeriste tot die skep van 'n addisionele werkgeleentheied aanleiding gee (Mpekweni Workshop 1992:7). Meer resente syfers (1996) dui op 'n toerisme-arbeidsmag van bykans 'n half miljoen mense (Government of South Africa 1996:2). Die belangrikheid van toerisme as potensiële werkskepper in 'n land soos Suid-Afrika is veral daarin geleë dat dit groot getalle ongeskoolde, semi-geskoolde en geskoolde werkers in diens kan neem.

Dat daar wel geleenthede bestaan om Suid-Afrika se toerismemark te vergroot, blyk duidelik uit die feit dat die Suid-Afrikaanse Toerismeraad (Satoer) dit as doelwit gestel het om teen die jaar 2000 sowat 1,75 miljoen buitelandse besoekers na Suid-Afrika te lok (Afrika uitgesluit). Indien dit realiseer, behoort Suid-Afrika in daardie stadium sowat R24 000 miljoen (vliegkoste uitgesluit) aan buitelandse valuta te verdien in vergelyking met R2 759 miljoen in 1991 (Smidt 1992:35). Dat daar vordering gemaak word in die strewe na hierdie gestelde doelwit, word geïllustreer deur die feit dat Suid-Afrika in 1995 bykans 1,10 miljoen buitelandse besoekers (Afrika uitgesluit) ontvang het (Government of South Africa 1996:2).

Die behoefte aan toerismebevordering binne streeksverband in Suid-Afrika spruit daaruit dat die meerderheid provinsies van een of enkele bedrywe vir ekonomiese groei en ontwikkeling afhanklik is en dus 'n behoefte aan 'n groter mate van ekonomiese diversifikasie ondervind. Hierdie situasie is van toepassing in die Vrystaat, waar ekonomiese aktiwiteite tot 'n groot mate op stadig groeiende bedrywe (landbou en mynbou) gebaseer is [berekenings uit Suid-Afrika (Republiek), Sentrale Statistiekdiens 1992]. Die streeksekonomie

3 Kongres van Suider-Afrikaanse Reisagente, Kaïro, Oktober 1994.

toon kenmerke van ongediversifiseerdheid soos vergestalt in gebrekkige voorwaartse en terugwaartse skakelingseffekte tussen ekonomiese aktiwiteite en 'n hoë invoergeneigdheid. 'n Verbreding van die eng ekonomiese basis van die Vrystaat word as 'n aangeleentheid met prioriteitswaarde in dié provinsie beskou. Beskikbare hulpbronne wat ter bereiking van hierdie prioriteit aangewend kan word, dui op beperkte moontlikhede in elk van die onderskeie sektore van die streeksekonomie.

'n Natuurlike uitvloeisel van die vermelde situasie in die Vrystaat, is dat weinig individuele stede/dorpe en distrikte in dié provinsie oor 'n gediversifiseerde ekonomie beskik. Dit impliseer 'n voortdurende soeke na alternatiewe wyses ter verbreding van die ekonomiese basisse in 'n poging om ekonomiese groei en ontwikkeling te stimuleer.

Die relevantheid van 'n beter benutting van toerisme as 'n faktor ter bevordering van ekonomiese groei en ontwikkeling, word op die volgende aspekte gebaseer (Vrey 1991:68):

- Toerisme is 'n vinnig-groeiende, arbeidsintensiewe bedryf.
- Toerisme is 'n uitvoerbedryf.
- Die toeristebedryf steun in 'n hoë mate op bestaande infrastruktuur.
- Toerisme meng uitstekend met ander ekonomiese aktiwiteite.
- Dit is veral die tersiêre sektor wat deur toerisme-ontwikkeling gestimuleer word. As gevolg van die vermenigvuldigingseffek van dié bedryf kring die impak ook uit na die res van 'n gebied se ekonomie.

Toerisme kan tot op hede nie as 'n faktor van betekenisvolle omvang in die ekonomie van die Vrystaat en die meerderheid stede/dorpe in dié provinsie beskou word nie. Die totale toerisme-omset verteenwoordig net meer as 1 persent van die reële Bruto Geografiese Produk (BGP) in die Vrystaat. Die provinsie beskik oor 'n beperkte markaandeel van ongeveer 1 persent in die totale binnelandse en internasionale toerisme-aktiwiteite in Suid-Afrika (Strydom 1994:336). In die lig hiervan word daar met hierdie artikel gepoog om aan te dui watter stappe deur plaaslike owerhede, as skeppers van ontwikkeling en verantwoordelike instellings vir toerismebevordering, geneem behoort te word om toe te sien dat die toeristebedryf in die onderskeie stede/dorpe van die Vrystaat sodanig ontwikkel dat maksimum ekonomiese voordeel daaruit verkry word.

## 2. METODES VAN ONDERSOEK

Die navorsing het op die Vrystaat as studiegebied gefokus en toepaslike inligting is hoofsaaklik soos volg versamel:

- Vanuit sekondêre bronne soos bevolkingsensustabelle en navorsingsverslae (hoofsaaklik dié wat deur Satoer geïnisieer is).
- Deur die stuur van 'n vraelys aan elk van die plaaslike owerhede in die ondersoekgebied. Hierdie vraelyste het 'n opgawe van alle betrokke toeriste-aantreklikhede, verblyfgeriewe en ondersteunende aktiwiteite behels en 'n 100 persent reaksie is verkry.
- Deur middel van werkswinkels, waartydens 'n wye spektrum van toerismekundiges uit die provinsie by die projek betrek is. Gelyke verteenwoordiging van rolspelers is by die werkswinkels betrek. Dit het ongeveer 20 persone per werkswinkel behels en het hoofsaaklik uit afgevaardigdes van plaaslike owerhede en private produkeienaars bestaan. Die reekse werkswinkels het onderskeidelik op die evaluering van toeriste-aantreklikhede en strategiese en bemarkingsbeplanning (ekstern en intern) gefokus.

## 3. KERNBEVINDINGE VAN DIE NAVORSING: 'N HISTORIESE PERSPEKTIEF

Die kernbevindinge van die navorsing **soos van toepassing op plaaslike owerhede,** het in breë trekke die volgende met betrekking tot die historiese verloop van toerismebevordering in die Vrystaat weerspieël:

- Die meerderheid stede/dorpe in die Vrystaat beskik oor toeriste-aantreklikhede en ondersteunende aktiwiteite wat as basis vir die toekomstige bevordering van die toeristebedryf kan dien.
- Stede/dorpe in die Vrystaat is relatief onbekend as toeristebestemmings.
- Die bemarking van toerisme is nie op 'n optimale vlak benut of daartoe ontwikkel nie.
- Bemarkingsaksies het ongekoördineerd tussen dorpe in die provinsie geskied.
- Die voorkoms van bepaalde dorpe in die Vrystaat was nie bevorderlik vir toerisme nie.
- Daar bestaan steeds onduidelikhede oor doelmarkte wat bedien moet word.

- Dienslewering was nie altyd op standaard nie.
- Gebrekkige samewerking deur die private sektor is ondervind, aangesien hierdie sektor onkundig was betreffende potensiële voordele wat dit uit toerisme kan ontvang.
- Daar bestaan 'n negatiewe ingesteldheid jeens toerisme onder gedeeltes van die plaaslike bevolking.
- 'n Toerismekultuur ontbreek in die Vrystaat.
- 'n Betekenisvolle getal dorpe in die provinsie het in die verlede slegs 'n toerisme-inligtingsrol vervul, en was nie pro-aktief op bemarking ingestel nie.
- Stede/dorpe ondervind 'n behoefte aan 'n oorhoofse strategiese plan vir die bevordering van toerisme in die Vrystaat waarby hulle sinvol kan inskakel.

Die doelgerigte bevordering van toerisme aan die hand van 'n wetenskaplik-gefundeerde strategiese plan, kan ekonomiese voordele soos die volgende vir individuele stede/dorpe in die Vrystaat inhou (Strydom 1994:337):

- Verhoogde buitelandse valutaverdienste
- Groter binnelandse inkomsteverdienste
- Verhoogde werkskepping
- Skepping van inkomste vir provinsiale owerhede
- Daarstel van ontwikkelingsgeleenthede vir plaaslike entrepreneurs
- Groter beleggingsmoontlikhede
- Betekenisvolle vermenigvuldigingseffek

## 4. PLAASLIKE OWERHEDE EN TOERISME: DIE PAD VORENTOE

'n Strategiese plan ter bevordering van streektoerisme in die Vrystaat is in 1994 geformuleer en by wyse van 'n werkswinkel aan rolspelers bekendgestel (Strydom 1994:1-447). 'n Sinvolle benadering deur plaaslike owerhede in die Vrystaat sal wees om op 'n aktiewe wyse by die vermelde plan in te skakel in 'n poging om toerisme op 'n geïntegreerde wyse tot voordeel van plaaslike gemeenskappe en die provinsie as 'n geheel te bevorder. Sodanige aksie moet in breë trekke op die volgende uitgangspunte gebaseer word:

- Toeristeverkeer in die Vrystaat bestaan tot 'n betekenisvolle omvang uit deurgangverkeer van Noord na Suid. Plaaslike owerhede moet daarop fokus om hierdie deurgang- en ander toeristeverkeer so lank as moontlik

binne hul gebiede te laat vertoef in 'n poging om die aktiwiteite van sien, doen en koop maksimaal te eksploiteer. Dit kan onder meer gedoen word deur:

- bemarkingsaksies op neweliggende deurgangroetes (vergelyk Strydom 1994:222-6) toe te spits deur aktiwiteite soos die aanbied van 'n toerisme-inligtingsdiens tydens spitstye.
- in samewerking met ander rolspelers toe te sien dat toerisme-inligting by alle toegangspunte na die Vrystaat tot beskikking van potensiële toeriste gestel word.
- die aanbied van dag- of langer toere vanaf nabygeleë kroon- en/of sekondêre aantreklikhede[4]. Kroon- en sekondêre aantreklikhede buite die grense van die Vrystaat moet nie buite rekening gelaat word nie, aangesien deurgangverkeer onderweg na hierdie aantreklikhede so lank as moontlik aan toerismegeleenthede en koopgeriewe in die Vrystaat blootgestel moet word. Die volgende kroon- en sekondêre aantreklikhede kan as vertrekpunt vir hierdie doel benut word (Strydom 1994:226-232):

    * Tussen-die-Riviere-wildplaas by Bethulie in kombinasie met die Gariepdam
    * Die Qwaqwa-Golden Gate-Clarens-Fouriesburg-Lesotho Hoogland Waterskema kompleks
    * Thaba Nchu Sun
    * Aliwal-Spa (net buite die grense van die Vrystaat by Aliwal-Noord)
    * Die Kimberley-omgewing
    * Bloemfontein en omgewing
    * Allemanskraaldam/Willem Pretorius Wildtuin
    * Kroonpark-vakansieoord
    * Die Sasolburg-omgewing in kombinasie met die Vaaldam
    * Die Van der Kloof-omgewing (Van der Kloofdam).

- die aanbied van pakkette wat spesiaal ontwerp is vir deurreisigers wat 'n alternatiewe roete na 'n bepaalde eindbestemming sou volg. Sodanige pakkette moet 'n aanduiding van interessante produkte verskaf en by strategiese punte op deurgangroetes en by toegangspunte tot beskikking van toeriste gestel word.

4 Kroon- en sekondêre aantreklikhede beskik in 'n mindere of meerdere mate oor die vermoë om besoekers oor groot afstande te lok en hulle vir 'n tyd lank in 'n gebied te laat vertoef.

- Plaaslike owerhede moet daarop ingestel wees om toeristeroetes met kontrei-eie temas te identifiseer en dienooreenkomstig te bemark. Sodanige aksie impliseer 'n geïntegreerde poging waarby 'n aantal belanghebbende plaaslike owerhede betrek kan word. Voorbeelde van reeds geïdentifiseerde toeristeroetes in die Vrystaat, is die volgende (Strydom 1994:242):

  - Die Goue-Hoogland-roete, met Fouriesburg, die Lesotho Hoogland Waterskema, Golden Gate en Qwaqwa as die kern daarvan. Hierdie roete kan noordwaarts aansluiting vind met 'n kroonaantreklikheid soos die Krugerwildtuin, suidwaarts met die Aliwal-Spa en vanaf Ladybrand weswaarts met Thaba Nchu, Botshabelo en Bloemfontein.
  - Die Vrystaat Goudveld-roete, wat strek vanaf Bloemfontein via Brandfort en Theunissen vir Suid/Noord-verkeer en vanaf Kroonstad en Bothaville vir Noord/Suid-verkeer.
  - Die Mieliekontreiroete, met die Kroonstad-omgewing as die kern daarvan.
  - Die roete vanaf Kimberley oor Jacobsdal, Koffiefontein, Luckhoff en Van der Kloof is 'n diamantroete wat by dié van Noord-Kaapland aansluit.

- Plaaslike owerhede moet leiding neem in die ontwikkeling van toerismepakkette in samewerking met ander rolspelers in die toeristebedryf. Sodanige pakkette behoort op die sterk punte van elke stad/dorp, asook die toeristeroetes, kroon- en sekondêre aantreklikhede gebaseer te word. Die volgende tipes pakkette kan ontwikkel word (Strydom 1994:300):

  - Spesialiteitspakkette, in welke geval op die sterk punte van elke stad/dorp gefokus word. Dit kan pakkette insluit wat op jag, watersport, temafeeste, sport en so meer toegespits is.
  - Pakkette in streeksverband, wat sal beteken dat daar, in samewerking met ander stede/dorpe en toerisme-substreke in die Vrystaat, asook neweliggende en ander provinsies wat deel van 'n bepaalde toerismeroete uitmaak, pakkette ontwikkel word. Sodanige pakkette kan 'n betekenisvolle bydrae tot gekoördineerde toerisme-ontwikkeling in die Vrystaat lewer.

- Plaaslike owerhede moet die inisiatief in die identifisering van nuwe toerismegeleenthede en/of produkte neem en plaaslike entrepreneurs in die ontwikkeling daarvan betrek. Op hierdie wyse word die fondamente vir potensiële kroonaantreklikhede met gepaardgaande voordele vir die totale

plaaslike gemeenskap daargestel.

- In 'n poging om toe te sien dat die voorkoms van alle stede/dorpe in die Vrystaat bevorderlik vir toerisme is, moet plaaslike owerhede in die provinsie hulle op 'n geïntegreerde wyse daarvoor beywer om die dorpsverfraaiingskompetisie, wat in die verlede van toepassing was, heringestel te kry. Dit kan daartoe bydra dat plaaslike owerhede volgens gesonde sakebeginsels meeding vir toerismedoeleindes.
- Dit is die taak van plaaslike owerhede om toe te sien dat agterstande met betrekking tot ondersteunende aktiwiteite soos infrastruktuur, akkommodasiegeriewe en ontspanningsfasiliteite wat onder hul jurisdiksie sorteer, uitgewis word, die fasiliteite in stand gehou word en te alle tye aan die vereiste standaard voldoen.
- Een van die vernaamste take van 'n plaaslike owerheid is om leiding te neem in die vestiging van 'n toerismekultuur binne 'n bepaalde stad/dorp. Sodoende kan verseker word dat aspekte soos 'n positiewe ingesteldheid jeens toerisme onder die plaaslike bevolking, steun deur die private sektor en uitbouing van diensstandaarde daargestel word. Moontlikhede wat in hierdie verband oorweeg kan word, sluit die volgende in (Strydom 1994:329-330):

  - Positiewe inskakeling by reeds gestigte toerismeforums in die onderskeie dorpe/stede van die provinsie.
  - Die uitgee van 'n nuusbrief waarin die omvang van plaaslike owerhede se toerisme-aktiwiteite met gepaardgaande resultate aangetoon kan word.
  - Persoonlike kontak tussen verteenwoordigers van plaaslike owerhede en belanghebbendes in die onderskeie doelmarkte.
  - Persoonlike briewe aan geïdentifiseerde belanghebbendes in gestelde doelmarkte waarin hul betrokkenheid (hetsy finansieel of moreel) by toeriste-aktiwiteite aangemoedig word.
  - 'n Kalender van belangrike gebeure met betrekking tot toerisme kan in die plaaslike gemeenskap versprei word.
  - Die plaaslike media kan benut word ten einde relevante toerisme-inligting aan die gemeenskap beskikbaar te stel en hulle van hul rol in toerismebevordering bewus te maak.
  - Lesings/referate/voordragte kan deur verteenwoordigers van 'n plaaslike owerheid in die onderskeie doelmarkte gelewer word.
  - 'n Jaarverslag kan deur plaaslike owerhede aan geïdentifiseerde persone of instansies in die onderskeie doelmarkte versprei word.

- Benewens die aksies waarna reeds verwys is, kan plaaslike owerhede die bemarkingsinstrumente tot hul beskikking ooreenkomstig neergelegde strategieë in die reeds vermelde strategiese plan vir toerismebevordering in die Vrystaat inspan. Dit kan verseker dat nie net plaaslike voordeel behaal word nie, maar 'n doelbewuste poging aangewend word om toerisme op 'n geïntegreerde wyse in die provinsie te bevorder.

## 5. SLOTOPMERKINGS

Hoewel toerisme tot op hede nie as 'n faktor van wesenlike omvang in die plaaslike ekonomieë van stede/dorpe in die Vrystaat beskou kan word nie, dui ontledings daarop dat dit wel tot 'n breër ekonomiese basis en gepaardgaande ekonomiese groei en ontwikkelingsmoontlikhede kan aanleiding gee.

Ten spyte van bestaande negatiewe persepsies rakende die plaaslike toeristebedryf, en 'n gepaardgaande negatiewe ingesteldheid jeens dié bedryf onder 'n gedeelte van die inwoners, het ontledings getoon dat die meerderheid stede/dorpe in die Vrystaat oor betekenisvolle toerismepotensiaal beskik wat as basis vir die stimulering van die streeksekonomie aangewend kan word.

'n Voorvereiste vir die suksesvolle bevordering van toerisme in die Vrystaat, is dat plaaslike owerhede op grondvlak alle pogings moet aanwend om die volle ekonomiese voordeel op 'n geïntegreerde wyse uit toerismebevordering te behaal. Sodanige benadering kan 'n betekenisvolle bedrae lewer om die toerismepotensiaal van die provinsie tot voordeel van sy inwoners te benut.

## VERWYSINGS

Government of South Africa. Department of Environmental Affairs and Tourism 1996. **White Paper on the development and promotion of tourism in South Africa.** Pretoria. The Government Printer.

Mpekweni Workshop 1992. Proceedings of the workshop on **Support programmes for the tourism industry within the ECOSA states.** (1992: Ciskei). Compiled with the original assistance of E van Dijk. [S.I.:s.n.].

Pine RJ 1992. "Towards a useful measure of tourism activity at individual country level." **Tourism Management** 13(1):91-4.

Smidt A 1992. "Satoer se nuwe plan vir meer toeriste." **Finansies en Tegniek** 44(50):35.

Strydom AJ 1994. **'n Ondersoek na die toerismepotensiaal van die Oranje-Vrystaat as strategiese faktor in ekonomiese groei en ontwikkeling.** PhD-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein.

Suid-Afrika (Republiek). Sentrale Statistiekdiens. **Bevolkingsensus 1992: ekonomiese sektor volgens ontwikkelingstreek, statistiese streek en distrik.** Pretoria: Die Staatsdrukker. [Verslag no 03-01-09(1991)].

Vrey WJH 1991. "Die ekonomie van Ontwikkelingstreek B en die wenslikheid daarvan om die rol wat die toerismebedryf daarin speel, te verruim. Ontwikkeling van die toerismebedryf in Noord-Kaap." In **Upington Fokus: Toerismeberaad** (17-18 Oktober 1991: Upington).